

Donderdag 23 Februarie

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:12-14

Ons moet die Heilige Gees toelaat om ons te lei!

In Romeine 8 skryf die apostel Paulus oor die asemrowende verandering wat God in die lewens van gelowiges teweeggebring het: Hy het ons sonde in sy Seun veroordeel; Hy het ons in Christus vrygespreek; Hy het ons saam met sy Seun lewend gemaak.

Wat is die gevolg van al hierdie wonderlike genade? Ons is nie meer slawe van ons sondige natuur nie. Ons word nie meer deur ons sondige natuur beheers nie, maar deur die Heilige Gees. Wat 'n evangelie!

In dieselfde asem hoor ons egter ook in hierdie Skrifgedeelte wat ons verantwoordelikheid is. Romeine 8:12 sê dat ons “onder 'n verpligting staan”. Die 1933/53-vertaling sê ons is “skuldenaars”, met ander woorde ons skuld iets. Wat is dit? Ons wat deur die Heilige Gees beheers word, het die verpligting om die Heilige Gees *toe te laat* om ons te beheer! Ons het die verpligting om ons deur die Gees van God te laat lei (vgl. Gal. 5:16; Ef. 5:18).

Wat beteken dit? Ons moet nou lewe soos die Gees ons lei. Ons moet gewillig volg soos Hy lei. Waarin lei die Gees ons? In heiligmaking. Hy lei ons om al hoe meer 'n einde te maak aan al ons sondige praktyke; Hy lei ons om al hoe meer die vrug van die Gees te vertoon (Gal. 5:22-23); Hy lei ons om al hoe meer te vernuwe na die beeld van Christus (vgl. Rom. 8:29). Dit doen Hy alles tot lof en eer en verheerliking van God.

Met ander woorde, die Gees se leiding in ons lewens is nie net 'n onskatbare voorreg nie, maar ook 'n reuse verantwoordelikheid. Mag ons ons dankbaarheid vir God se oorfloedige genade wys deur ons deur die Gees te laat lei – tot sy eer!
Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)